



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3340 PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit) REGULASIEKOERANT No. 3340
Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 40c BUITELANDS As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer
POST FREE · POSVRY

VOL. 197] CAPE TOWN, 27 NOVEMBER 1981 [No. 7934
KAAPSTAD, 27 NOVEMBER 1981

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

No. R.2561] [27 November 1981

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947
(ACT 36 OF 1947)

The Minister of Agriculture and Fisheries, has under the powers vested in him by section 23 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), made the following regulations:

REGULATIONS RELATING TO AGRICULTURAL REMEDIES**Definitions**

1. Unless the context otherwise indicates, words and phrases in these regulations shall have the meaning assigned thereto in the Act, and—

“label” means any written, printed or graphic matter attached to any container of an agricultural remedy or which, in any manner whatever, is disclosed on such container and which states the particulars which, in terms of these regulations, are to be furnished in respect of the agricultural remedy concerned; and when used as a verb, it shall have a corresponding meaning;

“the Act” means the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947).

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

No. R.2561] [27 November 1981

WET OP MISSTOWWE, VEEVOESEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947
(WET 36 VAN 1947).

Die Minister van Landbou en Visserye het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 23 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), die volgende regulasies uitgevaardig:

REGULASIES BETREFFENDE LANDBOUMIDDELS**Woordomskrywings**

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukings in hierdie regulasies dieselfde betekenis as deur die Wet daaraan toegeken, en beteken—

„die Wet” die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947);

„etiket” enige skriftelike, gedrukte, of grafiese voorstelling wat aan 'nhouer van 'n landboumiddel geheg word of wat op enige wyse hoegenaamd op so 'n houer aangebring is en wat die besonderhede vermeld wat ingevolge hierdie regulasies ten opsigte van die betrokke landboumiddel verstrek moet word; en het „etiketteer” in ooreenstemmende betekenis.

Registration of agricultural remedies

(2) (1) An application in terms of section 3 (1) of the Act for the registration of an agricultural remedy shall be submitted to the registrar on a form which is obtainable from him for this purpose, or on a clearly legible facsimile thereof on good quality paper.

(2) Such application shall be made by a person who is resident in the Republic or, in the case of a juristic person, who has a registered office in the Republic.

(3) Such application shall be accompanied by—

- (a) the registration fee specified in paragraph 1 of Table 1;
- (b) three copies, in both official languages, of a typed version of the particulars relating to the agricultural remedy and which, in terms of regulation 15, are to be labelled on the respective applicable containers or sachets, except transport casings, referred to in that regulation;
- (c) two samples of the agricultural remedy concerned, each containing at least 100 ml, in the case of a liquid agricultural remedy, or 100 g, in the case of a dry agricultural remedy;
- (d) a copy of the experimental data on the biological efficacy end on the residues of the agricultural remedy concerned as determined under South African conditions;
- (e) experimental data relating to the pharmacology and toxicology of the active ingredient of the agricultural remedy concerned and to the toxic metabolites of such ingredient, if such experimental data was not previously submitted to the registrar in connection with the registration of an agricultural remedy;
- (f) particulars of any ill effect which the agricultural remedy concerned may have on the environment; and
- (g) the method of analysis for the determination of the active ingredient in the agricultural remedy concerned and, where applicable, the method of analysis for the active ingredient and its toxic metabolites in residues:

Provided that the registrar may grant exemption from the submission of any document or sample referred to in paragraph (c) to (g).

(4) If the active ingredient and formulation of an agricultural remedy in respect of which an application is made in terms of this regulation, is identical to that of an agricultural remedy which is registered in favour of another person, the application concerned shall be accompanied by the written permission by such other person that the agricultural remedy concerned may be registered in favour of the applicant concerned.

Period of registration

3. (1) The registration of an agricultural remedy under section 3 (2) of the Act shall, subject to the earlier cancellation or lapsing thereof under section 4 or 4A of the Act, be valid until 31 March following the date on which a certificate of registration was issued in terms of section 3 (3) of the Act.

(2) Notwithstanding anything contained in any other law, a registration which is in force at the commencement of these regulations shall be valid until 31 March 1982.

(3) A registration of which the period of validity has thus expired shall be renewable.

Registrasie van landboumiddels

2. (1) 'n Aansoek ingevolge artikel 3 (1) van die Wet om die registrasie van 'n landboumiddel moet by die registrator ingedien word op 'n vorm wat vir die doel van hom verkrybaar is, of op 'n duidelik leesbare faksimile daarvan op goeie kwaliteit papier.

(2) So 'n aansoek moet deur iemand gedoen word wat in die Republiek woonagtig is of, in die geval van 'n regstpersoon, wat 'n geregistreerde kantoor in die Republiek het.

(3) So 'n aansoek gaan vergesel van—

- (a) die registrasiegeld in paragraaf 1 van Tabel 1 gespesifieer;
- (b) drie afskrifte, in beide amptelike tale, van 'n getikte weergawe van die besonderhede betrekende die betrokke landboumiddel wat ingevolge regulasie 15 op die onderskeie toepaslike houers of sachets, uitgesond vervoeromhulsels, in daardie regulasie bedoel, geëtiketteer sal word;
- (c) twee monsters van die betrokke landboumiddel wat elk minstens 100 ml, in die geval van 'n vloeibare landboumiddel of 100 g, in die geval van 'n droë landboumiddel, bevat;
- (d) 'n afskrif van die proefgegewens van die biologiese doeltreffendheid en van die residus van die betrokke landboumiddel soos onder Suid-Afrikaanse toestande vasgestel;
- (e) die proefgegewens met betrekking tot die farmakologie en toksikologie van die aktiewe bestanddeel van die betrokke landboumiddel en tot die toksiese metaboliete van sodanige bestanddeel indien sodanige proefgegewens nog nie voorheen in verband met die registrasie van 'n landboumiddel aan die registrator voorgelê is nie;
- (f) besonderhede van enige nadelige uitwerking wat die betrokke landboumiddel op die omgewing mag hê; en
- (g) die ontledingsmetode vir die bepaling van die aktiewe bestanddeel in die betrokke landboumiddel en, waar van toegpassing, die ontledingsmetode van die aktiewe bestanddeel en van die toksiese metaboliete daarvan in residus:

Met dien verstande dat die registrator vrystelling van die indiening van enige stuk of monster bedoel in paragraaf (c) tot (g) kan verleen.

(4) Indien die aktiewe bestanddeel en samestelling van 'n landboumiddel ten opsigte waarvan 'n aansoek ingevolge hierdie regulasie gedoen word, identies is aan die van 'n landboumiddel wat ten gunste van iemand anders geregistreer is, moet die betrokke aansoek vergesel wees van die skriftelike toestemming van sodanige ander persoon dat die betrokke landboumiddel ten gunste van die betrokke aansoeker geregistreer kan word.

Tydperk van registrasie

3. (1) Die registrasie van 'n landboumiddel kragtens artikel 3 (2) van die Wet is, behoudens die vroeëre intrekking of verval daarvan kragtens artikel 4 of 4A van die Wet, geldig tot en met 31 Maart volgende op die datum waarop 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 (3) van die Wet uitgereik is.

(2) Ondanks enige andersluidende wetsbepalings is 'n registrasie wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies van krag is, geldig tot 31 Maart 1982.

(3) 'n Registrasie waarvan die geldigheidsduur verstyk is, is hernubaar.

Renewal of registration

4. (1) An application in terms of section 3 (4) (a) of the Act for the renewal of the registration of an agricultural remedy shall be submitted to the registrar on a form which is obtainable from him for this purpose, or on a facsimile thereof on good quality paper.

(2) Such application shall—

- (a) be made by the person to whom the current certificate of registration in respect of the agricultural remedy concerned was issued;
- (b) be submitted prior to or on 31 March, but not earlier than 1 January, of each year;
- (c) be accompanied by—
 - (i) the renewal fee specified in paragraph 2 of Table 1; and
 - (ii) three specimens or facsimiles of all labels which, at the time when such application is made, are approved for use in connection with the sale of the agricultural remedy concerned: Provided that in the case where the agricultural remedy concerned is not manufactured, controlled, packed and labelled or sold by the person himself, in whose favour it is registered, such application shall be accompanied by three copies in both official languages, of a typed version of the proposed label which shall be used by such person in connection with the sale of the agricultural remedy concerned.

(3) An application made in terms of subregulation (1) which is received by the registrar after 31 March, but not later than 30 April, of a particular year, shall only be considered if it is accompanied by double the renewal fee specified in paragraph 2 of Table 1.

(4) An application for the renewal of the registration of an agricultural remedy which is received by the registrar after 30 April of a particular year, shall not be considered, and the agricultural remedy concerned may be registered anew.

(5) The renewal of a registration of an agricultural remedy granted by virtue of section 3 (4) (a) of the Act shall, subject to the earlier cancellation or lapsing thereof under section 4 or 4A of the Act, be valid until the next 31 March following the expiry date of the current certificate of registration issued in respect of the agricultural remedy concerned.

(6) Any person who applies in terms of this regulation for the renewal of the registration of an agricultural remedy shall make an affidavit, affirmation or solemn or attested declaration before a commissioner of oaths referred to in the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act 16 of 1963), that the particulars which he furnishes with such application in respect of the agricultural remedy concerned or of a label which is being used in connection therewith, do not deviate in any manner whatever from the congruent particulars which have already been registered or approved in relation to that agricultural remedy or label.

(7) An application for the further renewal of the registration of an agricultural remedy shall be made as contemplated in this regulation.

Conditions for renewal of registrations

5. The renewal of the registration of an agricultural remedy is granted subject thereto that the agricultural re-

Hernuwing van registrasie

4 (1) 'n Aansoek ingevolge artikel 3 (4) (a) van die Wet om die hernuwing van die registrasie van 'n landboumiddel moet by die registrator ingedien word op 'n vorm wat vir die doel van hom verkrybaar is, of op 'n duidelik leesbare faksimile daarvan op goeie kwaliteit papier.

(2) So 'n aansoek moet—

- (a) gedoen word deur die persoon aan wie die geldende registrasiesertifikaat ten opsigte van die betrokke landboumiddel uitgereik is;
- (b) voor of op 31 Maart, maar nie vroeër nie as 1 Januarie, van elke jaar ingedien word;
- (c) vergesel gaan van—
 - (i) die hernuwingsgeld in paragraaf 2 van Tabel 1 gespesifieer;
 - (ii) drie eksemplare of faksimilees van alle etikette wat op die tydstip waarop sodanige aansoek gedoen word, goedgekeur is vir gebruik in verband met die verkoop van die betrokke landboumiddel: Met dien verstande dat in die geval waar die betrokke landboumiddel nie deur die persoon ten gunste van wie dit geregistreer is self vervaardig, beheer, verpak en geëtiketteer of verkoop word nie, drie afskrifte in beide ampelike tale van 'n getikte weergawe van die voorgestelde etiket wat deur sodanige persoon in verband met die verkoop van die betrokke landboumiddel gebruik sal word, sodanige aansoek moet vergesel.

(3) 'n Aansoek gedoen ingevolge subregulasie (1) wat na 31 Maart, maar nie later nie as 30 April van 'n bepaalde jaar deur die registrator ontvang word, word slegs oorweeg indien dit vergesel is van twee maal die hernuwingsgeld in paragraaf 2 van Tabel 1 gespesifieer.

(4) 'n Aansoek om die hernuwing van die registrasie van 'n landboumiddel wat na 30 April van 'n bepaalde jaar deur die registrator ontvang word, word nie oorweeg nie, en die betrokke landboumiddel kan opnuut geregistreer word.

(5) Die hernuwing van 'n registrasie van 'n landboumiddel toegestaan uit hoofde van artikel 3 (4) (a) van die Wet is, behoudens die vroeëre intrekking ofveral daarvan kragtens artikel 4 of 4A van die Wet, geldig tot 31 Maart volgende op die vervaldatum van die geldende registrasiesertifikaat wat ten opsigte van die betrokke landboumiddel uitgereik is.

(6) Iemand wat ingevolge hierdie regulasie aansoek om die hernuwing van die registrasie van 'n landboumiddel doen, moet voor 'n kommissaris van ede bedoel in die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet 16 van 1963), 'n beëdigde, bevestigde, plegtige of geattesteerde verklaring aflu dat die besonderhede wat hy met so 'n aansoek verstrek ten opsigte van die betrokke landboumiddel en 'n etiket wat in verband daarmee gebruik word in geen opsig hoegenaamd van die ooreenstemmende besonderhede wat reeds met betrekking tot daardie landboumiddel of etiket geregistreer of goedkeur is, afwyk nie.

(7) 'n Aansoek om die verdere hernuwing van die registrasie van 'n landboumiddel moet gedoen word soos in hierdie regulasie beoog.

Voorwaardes vir hernuwing van registrasies

5. Die hernuwing van die registrasie van 'n landboumiddel word toegestaan op voorwaarde dat die be-

medy concerned or any of the particulars appearing on a label relating to that agricultural remedy do not deviate in its registered formulation or from the particulars which, prior to such renewal, were registered or approved to appear on such label.

Return of certificate of regulation

6. A certificate of registration in respect of an agricultural remedy which is returned in terms of section 4A (3) of the Act, shall reach the registrar within 14 days of the date on which—

- (a) the person to whom the certificate of registration in question was issued, was notified in terms of section 5 of the Act in writing of the reasons for the cancellation of such registration; or
- (b) the registration of the agricultural remedy concerned has lapsed in terms of section 4A (2) of the Act.

Practices to be followed at establishments

7. (1) The practices in respect of the operation of the undertaking at an establishment, and which relates to the manufacture, control, packing, marking or labelling of an agricultural remedy for the purpose of sale, shall be such that the composition and efficacy of the agricultural remedy in question comply with the particulars registered in respect thereof, and that it possesses all the chemical, physical and other properties thus registered.

(2) Raw materials used for the manufacture of an agricultural remedy, and the agricultural remedy manufactured therefrom, shall be handled and stored at the premises of an establishment in such manner that—

- (a) it is protected against damage, contamination and deterioration;
- (b) access to the different raw materials and agricultural remedies can readily be obtained.

(3) Chemical or physical quality checks shall be made on each consignment of all raw materials used for the manufacture of an agricultural remedy and on the agricultural remedy manufactured from such raw materials by the person in whose favour an agricultural remedy is registered or by a competent body in the Republic which is recognised for this purpose by the registrar.

(4) An employee at an establishment who is responsible for the manufacture, control, packing, marking or labelling of an agricultural remedy shall have the knowledge of the practises to be followed in the operation of the undertaking at such establishment and of the provisions of the Act which, in the opinion of the registrar, is sufficient for the performance of the duty imposed upon such employee.

(5) The names of the raw materials to be used for the manufacture of an agricultural remedy shall be marked clearly and legibly on the containers thereof: Provided that if such raw materials are stored in bulk, the names of such raw materials shall be shown on the containers in, or the places at which they are thus stored.

(6) If an agricultural remedy is not packed and labelled immediately after manufacture, the name thereof shall be shown on the containers in or places at which it is stored.

trokke landboumiddel of enige van die besonderhede wat op 'n etiket verskyn wat op daardie landboumiddel betrekking het, nie van die geregistreerde samestelling of die besonderhede wat voor sodanige hernuwing geregistreer of goedgekeur is om op so 'n etiket te verskyn, afwyk nie.

Terugsending van registrasiesertifikaat

6. 'n Registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n landboumiddel wat ingevolg artikel 4A (3) van die Wet teruggestuur word, moet die registrateur bereik binne 14 dae na die datum waarop—

- (a) die persoon aan wie die betrokke registrasiesertifikaat uitgereik is, skriftelik ingevolge artikel 5 van die Wet verwittig is van die redes vir die intrekking van sodanige registrasie; of
- (b) die registrasie van die betrokke landboumiddel ingevolge artikel 4A (2) van die Wet verval het.

Praktyke wat by aanlegte gevvolg moet word

7. (1) Die praktyke ten opsigte van die bedryf van die onderneming by 'n aanleg, en wat betrekking het op die vervaardiging, beheer, verpakking, merk of etikettering van 'n landboumiddel vir die doeleindes van verkoop, moet sodanig wees dat die samestelling en doeltreffendheid van die betrokke landboumiddel aan die vereistes voldoen wat ten opsigte daarvan geregistreer is, en dat dit al die chemiese, fisiese en ander eienskappe aldus geregistreer, besit.

(2) Grondstowwe wat gebruik word vir die vervaardiging van 'n landboumiddel en die landboumiddel wat daarvan vervaardig is, moet op so 'n wyse op die perseel van 'n aanleg hanteer en opgeberg word dat—

- (a) dit teen beskadiging, besoedeling en agteruitgang beskerm word;
- (b) toegang tot die verskillende grondstowwe en landboumiddels gerедelik verkry kan word.

(3) Chemiese of fisiese gehaltekontroles moet van elke besending van alle grondstowwe wat vir die vervaardiging van 'n landboumiddel gebruik word en van die landboumiddel wat van sodanige grondstowwe vervaardig is, gedoen word deur die persoon ten gunste van wie 'n landboumiddel geregistreer is of deur 'n bevoegde instansie in die Republiek wat vir die doel deur die registrateur erken word.

(4) 'n Werknemer by 'n aanleg wat vir die vervaardiging, beheer, verpakking, merk of etikettering van 'n landboumiddel verantwoordelik is, moet die kennis hê van die praktyke wat gevvolg moet word in die bedryf van die onderneming by sodanige aanleg en van die bepalings van die Wet wat na die oordeel van die registrateur voldoende is vir die verrigting van die plig wat aan sodanige werknemer opgedra is.

(5) Die name van die grondstowwe wat vir die vervaardiging van 'n landboumiddel gebruik word, moet duidelik en leesbaar op die houers daarvan gemerk word: Met dien verstande dat indien sodanige grondstowwe in losmaat opgeberg word, die name van sodanige grondstowwe getoon moet word op die houers waarin of die plekke waar dit aldus opgeberg word.

(6) Indien 'n landboumiddel nie onmiddellik na vervaardiging, verpak en geetiketteer word nie, moet die naam daarvan getoon word op die houers waarin of die plekke waar dit opgeberg word.

Vereistes vir aanlegte

8. (1) 'n Aanleg waar 'n landboumiddel vir die doeleindes van verkoop, vervaardig, beheer, verpak of

Requirements for establishments

8. (1) An establishment where an agricultural remedy is manufactured, controlled, packed or labelled for the pur-

pose of sale, shall be duly registered under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (Act 22 of 1941).

(2) The premises of such establishment shall be kept orderly and clean.

(3) The area at such establishment which is used for the performance of a particular function in connection with the manufacture, control, packing, or labelling of an agricultural remedy shall be adequate for the proper carrying out of that function.

(4) Facilities and equipment which shall ensure that an agricultural remedy shall be manufactured, packed and labelled in the manner determined in these regulations and that the composition and efficacy of the agricultural remedy concerned complies with the requirements registered in respect thereof, and that it possesses the chemical, physical and other properties thus registered, shall be available at the establishment concerned.

Maintenance and care of facilities

9. (1) All facilities and equipment used in the manufacture, control, packing or labelling of an agricultural remedy shall be maintained in a sound condition and be cleaned at regular intervals.

(2) Where the same facilities and equipment are used for the manufacture, control, packing or labelling of different agricultural remedies, such facilities and equipment shall be cleaned properly before it is thus used in connection with another agricultural remedy.

Records at establishments

10. (1) A person managing the undertaking at an establishment shall, in respect of each batch of the different agricultural remedies manufactured, controlled, packed or labelled there, keep comprehensive record of—

- (a) the results of quality checks which were made in terms of regulation 7 (3) of the raw materials used for the manufacture of the agricultural remedy comprising such batch, and of such agricultural remedy;
- (b) the total quantity of the agricultural remedy comprising such batch and if packed, the number of containers in which it is packed;
- (c) the names and addresses of the persons to whom the agricultural remedy was sold, and the quantity thereof which is sold to each such person;
- (d) complaints which were received in connection with the composition or efficacy of the agricultural remedy comprising such batch, or the chemical, physical or other properties thereof.

(2) The records to be kept at an establishment in terms of subregulation (1), as well as the formula for formulating a batch of an agricultural remedy there, shall be preserved at such establishment or such other place as may on application be approved by the registrar, for at least two years after the date on which the batch concerned were sold out: Provided that if a complaint referred to in subregulation (1) (e) was received, the records in respect of the batch in question shall not be destroyed within two years after the date of such complaint.

Submission of returns

11. Each person in whose favour an agricultural remedy is registered shall, after 30 June but not later than 30

geëtiketteer word, moet behoorlik kragtens die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet 22 van 1941) geregistreer wees.

(2) Die perseel van so 'n aanleg moet ordelik en skoon gehou word.

(3) Die gebied by so 'n aanleg wat gebruik word vir die vervaardiging van 'n bepaalde funksie in verband met die vervaardiging, beheer, verpakking of etikettering van 'n landboumiddel moet voldoende wees vir die behoorlike uitvoering van die betrokke funksie.

(4) Fasilitete en toerusting wat sal verseker dat 'n landboumiddel so vervaardig, verpak en geëtiketteer word as wat in hierdie regulasies bepaal word en dat die samestelling en doeltreffendheid van die betrokke landboumiddel aan die vereiste voldoen wat ten opsigte daarvan geregistreer is en dat dit die chemiese, fisiese en ander eienskappe aldus geregistreer, besit, moet by die betrokke aanleg beskikbaar wees.

Onderhoud en versorging van fasilitete

9. (1) Alle fasilitete en toerusting wat by 'n aanleg beskikbaar is vir die vervaardiging, beheer, verpakking of etikettering van 'n landboumiddel moet in 'n werkende toestand gehou word en met gereeld tussenposes skoongemaak word.

(2) Waar dieselfde fasilitete en toerusting vir die vervaardiging, beheer, verpakking of etikettering van verskillende landboumiddels gebruik word, moet sodanige fasilitete en toerusting deeglik skoongemaak word voordat dit aldus in verband met 'n ander landboumiddel gebruik word.

Aantekeninge by aanlegte

10. (1) Iemand wat die onderneming bestuur wat by 'n aanleg bedryf word, moet ten opsigte van elke lot van die verskillende landboumiddels wat daar vervaardig, beheer, verpak of geëtiketteer word, volledige aantekeninge hou van—

- (a) die resultate van gehaltekontroles wat ingevolge regulasie 7 (3) gedoen is van die grondstowwe wat vir die vervaardiging van die landboumiddel gebruik was waaruit sodanige lot bestaan, en van sodanige landboumiddel;
- (b) die totale hoeveelheid van die landboumiddel waaruit sodanige lot bestaan en, indien verpak, die getal houers waarin dit verpak is;
- (c) die name en adresse van die persone aan wie die landboumiddel verkoop is en die hoeveelheid daarvan wat aan elke sodanige persoon verkoop is;
- (d) klagtes wat ontvang is in verband met die samestelling of doeltreffendheid van die landboumiddel waaruit so 'n lot bestaan, of die chemiese, fisiese of ander eienskappe daarvan.

(2) Die aantekeninge wat ingevolge subregulasie (1) by 'n aanleg gehou moet word, asook die formule wat vir die opmaak van 'n lot van 'n landboumiddel daar gebruik was, moet by sodanige aanleg, of sodanige ander plek as wat die registrateur op aansoek goedkeur, vir minstens twee jaar na die datum waarop die betrokke lot uitverkoop is, bewaar word: Met dien verstande dat indien 'n klage bedoel in subregulasie (1) (e) ontvang is, die aantekeninge ten opsigte van die betrokke lot nie binne twee jaar na die datum van so 'n klage vernietig mag word nie.

Indiening van opgawes

11. Elke persoon ten gunste van wie 'n landboumiddel geregistreer is, moet na 30 Julie, maar nie later nie as 30

September, of each year, furnish the information in respect of the agricultural remedy concerned which the registrar requires on a form which he shall supply for that purpose to such person.

Suitability and efficacy of agricultural remedies

12. (1) The suitability and efficacy of an agricultural remedy stated in an application for the registration thereof shall, where applicable, be proved by results of trials which were carried out therewith in the Republic, by the person who made such application or by a competent body in the Republic which is recognized for this purpose by the registrar.

(2) The person or body referred to in subregulation (1) shall, prior to the commencement of a trial indicated in that subregulation, notify the registrar in writing of the intention to conduct such trial, and the registrar may inspect the performance of such trial.

Determination of toxicity and potential hazards of agricultural remedies

13. (1) The toxicity or potential hazards of the active or inert ingredients of an agricultural remedy shall, in accordance with the LD-50 values specified in Table 2 and with due observance of additional toxicological information relating to properties such as systemic accumulation, chronic poisoning, carcinogenicity and teratogenicity of such active or inert ingredients, be determined on the oral or inhalation toxicity to the rat or the dermal toxicity to the rabbit, as the case may be.

(2) When the LD-50 values of an agricultural remedy were thus determined, such agricultural remedy shall be classified as the group indicated in column 1 of Table 2, opposite which the applicable LD-50 values are specified in columns 2, 3 and 4 of the said Table.

Containers of agricultural remedies

14. (1) Subject to the provisions of any other law relating to containers, a container in which a quantity of an agricultural remedy is packed for sale and a container in which a measured dosage of an agricultural remedy is packed (respectively referred to in these regulations as an immediate container and a sachet), shall at the time of packing—

(a) be sound and clean;
(b) be closed or sealed in the manner permitted by the agricultural remedy concerned and the immediate container or sachet concerned.

(2) The design of an immediate container or sachet shall—

(a) after the contents thereof has been used, not be instrumental to the use of such empty container or sachet for any other purpose;
(b) in the case of a liquid agricultural remedy, prevent spillage when pouring out the contents thereof.

(3) An immediate container or sachet or an outer container or display container respectively referred to regulation 15 (5) (a) shall not be labelled with any other particulars, marks or signs than the applicable particulars referred to in regulation 15 on which shall appear in terms of a provision of any other law on such container or sachet, or which relates to the contents of such container or sachet and which was approved by the registrar.

September, van elke jaar die skriftelike inligting ten opsigte van die betrokke landboumiddel verstrek wat die registrator op 'n vorm verlang wat hy aan sodanige persoon vir die doel voorsien.

Geskiktheid en doeltreffendheid van landboumiddels

12. (1) Die geskiktheid en doeltreffendheid van 'n landboumiddel wat in 'n aansoek om die registrasie daarvan vermeld is, moet waar van toepassing, bewys word deur resultate van proewe wat in die Republiek daarmee uitgevoer is deur die persoon wat sodanige aansoek gedoen het of deur 'n bevoegde instansie in die Republiek wat vir die doel deur die registrator erken word.

(2) Die persoon of instansie in subregulasie (1) vermeld, moet voor die aanvang van 'n proef in daardie subregulasie aangedui, die registrator skriftelik verwittig van die voorneme om sodanig proef te onderneem, en die registrator kan die uitvoering van sodanige proef inspekteer.

Bepaling van toksisiteit en potensiële gevare van landboumiddels

13. (1) Die toksisiteit of potensiële gevare van die aktiewe of onaktiewe bestanddele van 'n landboumiddel moet ooreenkomsdig die LD-50-waardes, gespesifiseer in Tabel 2 en met inagneming van bykomende toksikologiese inligting met betrekking tot eienskappe soos sistemiese opbouing, kroniese vergiftiging, karsinogenisiteit en teratogenisiteit van sodanige aktiewe of onaktiewe bestanddele, op die orale- of inasemingsgiftigheid vir die rot of die dermale giftigheid vir die kony, na gelang van die geval, bepaal word.

(2) Wanneer die LD-50-waardes van 'n landboumiddel aldus bepaal is, moet sodanige landboumiddel geklassifiseer word as die groep in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, waarteenoor die toepaslike LD-50-waarde in kolomme 2, 3 en 4 van genoemde Tabel gespesifiseer is.

Houers van landboumiddels

14. (1) Behoudens enige ander wetsbepalings met betrekking tot houers, moet 'n houer waarin 'n hoeveelheid landboumiddel vir verkoop verpak word en 'n houer waarin 'n afgemete dosis van 'n landboumiddel verpak word (in hierdie regulasies onderskeidelik 'n onmiddellike houer 'n sachet genoem) tydens verpakking—

(a) heel en skoon wees;
(b) toegemaak of verseël word op die wyse wat die aard van die betrokke landboumiddel en die betrokke onmiddellike houer of sachet toelaat;

(2) Die ontwerp van 'n onmiddellike houer of sachet moet—

(a) nadat die inhoud daarvan gebruik is, nie die gebruik van so 'n leë houer of sachet vir ander doeleindes bevorder nie;
(b) in die geval van 'n vloeibare landboumiddel, vermorsing voorkom wanneer die inhoud daarvan uitgegooi word.

(3) 'n Onmiddellike houer of sachet of 'n buitenste houer of vertoonhouer bedoel in regulasie 15 (5) of regulasie 15 (11) (a) onderskeidelik, mag nie met enige ander besonderhede, merke of tekens as die toepaslike besonderhede bedoel in regulasie 15 of die wat ingevolge enige ander wetsbepaling op sodanige houer of sachet moet verskyn, of wat in verband met die inhoud van sodanige houer of sachet staan en wat deur die registrator goedgekeur is, geëtiketteer word nie.

Labelling of containers of agricultural remedies

15. (1) An immediate container and, where applicable, a sachet referred to in regulation 14 (1) shall, except when it contains a legume inoculant, be labelled with—

- (a) the trade mark, if any, and the trade name which may be used by the person in whose favour the agricultural remedy concerned is registered;
- (b) the name of the active ingredient contained in the agricultural remedy concerned, if such name is not already included in the trade name;
- (c) the registration number of the agricultural remedy concerned together with a reference to the Act, expressed as "Reg. No. Act 36/1947";
- (d) the applicable toxicity group as which the agricultural remedy concerned was classified in accordance with regulation 13 (2);
- (e) the type of formulation of the agricultural remedy and the purpose for which it is registered;
- (f) the composition of the agricultural remedy concerned;
- (g) the number of the batch from which the agricultural remedy in such container originates and the manufacturing date of that batch: Provided that in the case of an agricultural remedy—
 - (i) of which the registered active ingredient contents will possibly diminish over a period of two years to below the applicable permissible deviation specified in regulation 19, the expiry date shall be indicated instead of the manufacturing date;
 - (ii) which is sold in an aerosol container, the batch number and manufacturing date may be marked on the bottom of such container provided an appropriate indication to that effect appears on the main panel referred to in subregulation (2) (a);
- (h) subject to the provisions of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973), the nett volume or mass, as the case may be, of the agricultural remedy in such container; and
- (i) the name and address of the person in whose favour the agricultural remedy concerned is registered.

- (2) (a) A label shall be divided into different panels and the applicable particulars referred to in subregulation (10) shall, in the order set out in that subregulation, be labelled on the main panel which shall not take up more than 40 percent of the total surface of the label concerned, together with any other particulars or indications which are to appear on such main panel in terms of the provisions of any other law.

- (b) The name of an active ingredient of an agricultural remedy shall—

- (i) when it is included in the trade name or is labelled in accordance with the provisions of subregulation (1) (b), be the name as it appears in the latest list of common names and classification of pesticides and agricultural remedies published by the South African Bureau of Standards, or be the chemical name if the common name of the active ingredient concerned is not thus published;
- (ii) when it is labelled in accordance with the provisions of subregulation (1) (b), appear in the

Etikettering van houers van landboumiddels

15. (1) 'n Onmiddellike houer en, waar van toepassing, 'n sachet bedoel in regulasie 14 (1), moet behalwe wanneer dit 'n peulplantentstof bevat, geëtiketteer word met—

- (a) die handelsmerk, indien enige, en die handelsnaam wat die persoon mag gebruik ten gunste van wie die betrokke landboumiddel geregistreer is;
 - (b) die naam van die aktiewe bestanddeel wat die betrokke landboumiddel bevat, indien sodanige naam nie reeds in die handelsnaam ingesluit is nie;
 - (c) die registrasienommer van die betrokke landboumiddels tesame met 'n verwysing na die Wet, uitgedruk as „Reg. No. Wet 36/1947”;
 - (d) die toepaslike giftigheidsgroep waarin die betrokke landboumiddel ooreenkomsdig die bepalings van regulasie 13 (2) geklassifiseer is;
 - (e) die tipe formulasie van die betrokke landboumiddel en die doel waarvoor dit geregistreer is;
 - (f)
 - (g)
 - (i) waarvan die geregistreerde inhoud van die aktiewe bestanddeel oor 'n tydperk van twee jaar moontlik tot benede die toepaslike toelaatbare afwykings gespesifieer in regulasie 19 sal daal, die vervaldatum daarvan in plaas van die vervaardigingsdatum aangedui moet word; of
 - (ii) wat in 'n aërosolhouer verkoop word, die lotnommer en vervaardigingsdatum op die bodem van sodanige houer gemerk kan word mits 'n toepaslike aanduiding tot dien effekte op die hoofpaneel bedoel in subregulasie (2) (a) verskyn;
 - (h) behoudens die bepalings van die Wet op Handelmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), die netto volume of massa, na gelang van die geval, van die landboumiddel in sodanige houer; en
 - (i) die naam en adres van die persoon ten gunste van wie die betrokke landboumiddel geregistreer is.
- (2) (a) 'n Etiket moet in verskillende panele verdeel word en die toepaslike besonderhede bedoel in subregulasie (1) moet in die volgorde wat dit in daardie subregulasie uiteengesit is, op die hoofpaneel wat nie meer as 40 persent van die totale oppervlakte van die betrokke etiket mag beslaan nie, tesame met enige ander besonderhede of aanduidings wat ingevolge enige ander wetsbepaling op sodanige hoofpaneel moet verskyn, geëtiketteer word.
- (b) Die naam van die aktiewe bestanddeel van 'n landboumiddel moet—
- (i) wanneer dit in die handelsnaam ingesluit is, of ooreenkomsdig die bepalings van subregulasie (1) (b) geëtiketteer word, die naam wees soos dit in die jongste lys van algemene name en klassifikasie van plaagdoders en landboumiddels verskyn wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gepubliseer is, of die chemiese naam wees indien die algemene naam van die betrokke aktiewe bestanddeel nie aldus gepubliseer is nie;
 - (ii) wanneer dit ooreenkomsdig die bepalings van subregulasie (1) (b) geëtiketteer word, in die

expression "CONTAINS", in smaller letters than, and immediately below, the trade name.

- (c) The toxicity group to be labelled in accordance with subregulation (1) (d), shall in the case where the agricultural remedy concerned—

- (i) was classified as group I, consists of the expression "Poison—extremely toxic—Vergif—uiters giftig" in letters at least half the size of the largest letter of the trade name and preferably in red on a contrasting background with skull and crossbones fully coloured in red and at least equal in height to the trade name;
- (ii) was classified as group II, consists of the expression "Poisonous—Giftig" in letters at least half the size of the largest letter of the trade name and preferably in red on a contrasting background; or
- (iii) was classified as group III, consists of the expression "Caution—Versigtig" in letters at least half the size of the largest letter of the trade name and preferably in red on a contrasting background:

Provided that if the sizes of letters and symbols as specified are unpracticable on a particular label, the registrar may approve practical sizes: Provided further that no particulars of the toxicity group of an agricultural remedy which was classified as group IV need be labelled.

- (d) The composition to be labelled in accordance with subregulation (1) (f) shall, with due observance of the provisions of paragraph (b) (i), consists of the common name or chemical name, as the case may be, of the active ingredient concerned and, if that ingredient has been classified in the list referred to in the said paragraph as a particular chemical group, the name of the chemical group concerned, followed by the nominal value of the contents of such active ingredient, expressed—

- (i) in the case of a liquid agricultural remedy, as gram per litre at 20°C;
- (ii) in the case of a dry agricultural remedy; as gram per kilogram; and
